# MAAR HOEKOM KAN EK NIE VARK EET NIE? EK IS MOS VRYGEMAAK VAN DIE JOODSE WETTE?

**Lev 11:1** En die HERE het met Moses en Aäron gespreek en aan hulle gesê:
Lev 11:2 Spreek met die kinders van Israel en sê:

As jy nog nie die Bybelstudie gedoen het: WIE IS ISRAEL nie, doen dit eers, voordat jy met hierdie studie aangaan. www.2treesinthegarden.co.za


Dit is die diere wat julle mag eet van al die viervoetige diere wat op die aarde is.
Lev 11:3 Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou dit mag julle eet.




Lev 11:4 Maar die volgende mag julle nie eet nie van die wat herkou en van die wat gesplitste kloue het: die kameel, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie onrein is hy vir julle;
Lev 11:5 en die das, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie onrein is hy vir julle;
Lev 11:6 en die haas, want hy herkou, maar het geen gesplitste kloue nie onrein is hy vir julle;
Lev 11:7 ook die vark, want hy het gesplitste kloue, ja, heeltemal gesplitste kloue, maar hy herkou nie onrein is hy vir julle.
Lev 11:8 Van hulle vleis mag julle nie eet nie en aan hulle aas nie raak nie onrein is hulle vir julle.



Lev 11:9 Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die seë en in die riviere dit mag julle eet.





Lev 11:10 Maar alles wat geen vinne en skubbe het in die seë en in die riviere nie, van al die gewemel van die water en van al die lewende wesens wat in die water is 'n gruwel is dit vir julle.











Lev 11:13 En die volgende moet julle van die voëls vir 'n gruwel hou hulle mag nie geëet word nie, 'n gruwel is hulle: die arend en die lammervanger en die aasvoël;
Lev 11:14 en die kuikendief en die valk volgens sy soorte;
Lev 11:15 elke kraai volgens sy soorte;
Lev 11:16 en die volstruis en die naguil en die seemeeu en die kleinvalk volgens sy soorte;
Lev 11:17 en die steenuil en die visvanger en die steunuil;
Lev 11:18 en die silweruil en die pelikaan en die klein aasvoël;
Lev 11:19 en die groot sprinkaanvoël, die reier volgens sy soorte, die hoep hoep en die vlermuis.






Dit wil sê dat ons dus alle voëls wat nie in bg lys val nie, mag eet. Voëls wat nie jag maak op ander diere nie.




Lev 11:20 Al die insekte met vlerke wat op vier pote loop 'n gruwel is hulle vir julle.



Lev 11:21 Maar die volgende mag julle eet van al die insekte met vlerke wat op vier pote loop: wat bokant die pote springbene het om daarmee op die grond te spring.
Lev 11:22 Van hulle mag julle die volgende eet: die treksprinkaan volgens sy soorte en die boomsprinkaan volgens sy soorte en die springer volgens sy soorte en die voetganger volgens sy soorte.





**Mat 3:4** En hy, Johannes, het 'n kleed gedra van kameelhare
en 'n leergord om sy heupe, en sy voedsel was sprinkane en wilde heuning.



Lev 11:29 En die volgende is vir julle onrein onder die ongediertes wat op die aarde wemel: die mol en die muis en die akkedis volgens sy soorte,
Lev 11:30 en die krimpvarkie en die geitjie en die klipsalmander en die koggelmander en die verkleurmannetjie.

**Deu 14:3** Jy mag niks eet wat 'n gruwel is nie.
Deu 14:4 Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap en 'n bok;
Deu 14:5 'n takbok en 'n gemsbok en 'n gestippelde takbok en 'n steenbok en 'n ribbok en 'n eland en 'n klipspringer;

**Is die wette nie net vir die Hebreers in die woestyn gegee nie....is dit nie net op hulle van toepasing nie??**



Noag is nie ‘n jood of a Israeliet nie, maar het by Abba die verskil geleer tussen rein en onrein

**Gen 7:2** Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie.




**Gen 9:1** En God het Noag en sy seuns geseën en aan hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde.
Gen 9:2 Die vrees en die skrik vir julle sal wees oor al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel: alles wat op die aarde beweeg, en al die visse van die see. Hulle is in julle hand oorgegee.
Gen 9:3 Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles aan julle.
Gen 9:4 Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie.

So ons sien dat voor die vloed het die mense nie vleis geeet nie, en die diere was ook nie bang vir die mens nie (sien Gen 9:2-3)

Na die vloed het Abba vir Noach gesê die skrik vir die mens sal in die diere wees, en die diere word gegee as kos, net soos Hy voor die vloed (vanaf die tuin van Eden) die groen plante gegee het as kos.

Hierdie versie kan maklik geinterpreteer word dat ALLE diere nou kos is, insluitende vark/kat/hond/ape….maar slegs as jy ‘n totale idioot is…..want onthou Abba het Noach net toegelaat om 1 paar van die onrein diere op die ark te neem.

So as Noach dan lus gehad het vir ‘n lekker varkchoppie, en hy slag die een vark, sou die ander vark wat oorbly definitief nie op sy /haar eie kon voortplant nie.

Nee, die onrein diere was mos net 1 paar toegelaat op die ark, maar die rein diere 7 pare, want soos jy weet het Abba vir Noach gesê hy kan nou maar die diere eet, en dis logies dat hy toe net van die oorvloed rein diere geeet het, asook om die rein diere te gebruik om te offer.

**Gen 8:20**
En Noag het vir die HERE 'n altaar gebou

en van al die rein diere en al die rein voëls geneem en brandoffers op die altaar gebring.

Gen 8:21 En die HERE het die lieflike geur geruik....



REIN - TAHOR - CLEAN / UNDEFILED
ONREIN - TAME - UNCLEAN / DEFILED
GESKIK - KOSHER - FIT TO EAT

| | |
|---|---|
| Diere op land: | Moet gesplete hoef hê en moet herkou. |
| Visse: | Moet vinne en skubbe hê |
| Voëls: | Moet nie Roofvoëls wees nie |
| Insekte: | Moet springbene hê, mag nie kruipende insek wees nie |



# WETENSKAPLIKE NAVORSING

Do the health laws of the Bible have a foundation in medical fact? S.I. McMillen, M.D., and David E. Stern, M.D., summarize their view of the laws God revealed to the Israelites: “For centuries epidemics had killed thousands of Egyptians and Hebrews. Ancient treatments rarely helped. Often the ‘cure’ was worse than the diseases. Yet here [Exodus 15:
God made a fantastic promise—freedom from diseases.
“God then gave Moses many health rules, filling a whole section of the Bible…Moses recorded hundreds of health regulations but not a single current medical misconception.

“Thousands have died through the centuries, however, because doctors ignored the biblical rules. Finally, when doctors read and tried these guidelines, they quickly discovered how to prevent the spread of epidemics. Thus Moses could be called the father of modern infection control. Even today we are still benefiting from God’s 3,500-year-old instructions” ( *None of These Diseases: The Bible’s Health Secrets for the 21st Century,* 2000, p. 11).

Wetenskap en die Mediese wêreld het lankal besef dat die Bybelse onderskeid tussen rein en onrein groot waarde dra. Hulle besef vandag wat Israel al vir duisende jare weet:
Onrein diere is ongesond vir ons.

Varke en katte en honed is aasvoëls en slange ens se UITSKEIDINGSTELSEL is van so aard, dat hulle selfs verottende vleis kan vreet, en nie sterf nie.
As ‘n bees of ‘n skaap of ons as mens verottende vleis inkry, sal ons dodelik siek word en selfs sterf.

Hoekom?

Ons UITSKEIDINGSTELSEL is nie ontwerp / geskape / gemaak om met vrot vleis en ander soortgelyke gifstowwe te deel nie.





**Figure 2.12** The four stages of digestion in the digestive system

Yhwh is so slim… sommige van die diere op sy “onrein” lys, is diere wat hulle eie afskeiding eet, en dus glad nie skoon of rein is vir menslike gebruik nie

| **An interesting look at nature and some weird eating habits.** | |
|---|---|
| | ○ Coprophagia is a condition often associated with dogs eating their own, and that of other dogs, feces. While most humans find this disgusting, it is perfectly natural for dogs, and other animals. ...<br>○ Dogs.<br>○ Pigs.<br>○ Rabbits.<br>○ Some Baby Animals.<br>○ Primates.<br>○ Dung Beetle.<br>○ Flies. |
| Coprophages, Animals That Eat Poop - Wildlife & Nature<br>*https://wildlife-nature.knoji.com/coprophages-**animals**-that-eat-poop/* | |

Daarom word ons verhoed om hierdie tipe diere te eet – hierdie tipe diere se verteringstelsel en uitskeidingstelsel is deur die Skepper ontwerk om enige vorm van verotting / fesus en vleis vol bakteriee te kan inneem en niks oor te kom nie.

Hoekom?

Hulle is Vader se NATUURLIKE STOFSUIERTJIES.

Hulle maak die aarde en die see vir ons skoon. Maar omdat hulle stofsuiers is, en omdat hulle verteringstelsel ontwerp is om die gemors te kan hanteer, is hulle nie geskik om te eet nie.

As jy dink daar is niks fout om die AARDE SE STOFSUIERS te eet nie, dan is dit ook seker vir jou reg om jou stofsuier skoon te lek en om die asblik uit te eet?






# GODDELLIKE REDE VIR DIE REIN DIEET.

Nie alleenlik is Abba slimmer as ons ni, en het Hy vir ons net die beste in gedagte nie, maar ook wil Hy hê ons moet 'n rein lewe lei sodat ons ten enige tyd na Sy Tempel (Sy teenwoordigheid) kan kom, om met Hom gemeenskap te hê.

Net soos die Priesters wat in Sy tempel (tabernakel) gewerk het, ritueel skoon (rein) moes wees anders kon hulle nie in Sy teenwoordigheid ingaan nie, net so moet ons ….. as Sy priesters, rein wees as ons in Sy teenwoordigheid wil inkom.




**Exo 19:6** En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.

**Rev 1:5** …..Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed
Rev 1:6 en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader….

**1Pe 2:9** Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry,

Daarom, ons as Sy priesters, moet dus 'n skoon en rein lewe lei, aan niks raak wat vir Hom afstootlike is, onrein is of deur Hom beveel is om van af weg te bly nie. Moet nie dink jy is beter as die Ou Testament (wat nie regtig OUD is nie) priesters nie, en dat jy maar met onrein hande, en varkvleis tussen jou tande, voor Sy aangesig kan kom verskyn nie. Moet nie dink dat jy met 'n "vergewe my liewe jesus" gaan wegkom as jy die God van Hemel en Aarde se rein / onrein wette nie nakom nie.




Ons sal later kyk wat presies sê Yashua, Petrus (Kepha) Shaul (Paulus) Ya'acov (Jakob) en die ander Nuwe Testament (wat glad nie so NUUT is  nie) skrywers, oor rein en onrein kosse.

Maar een ding moet ons onthou, maak nie saak WAT Yashua of enige Nuwe Testamentiese skrywer sê of kwytraak nie – as dit in DIREKTE TEENSTELLING is met die Woord van God, moet daardie person gestenig word (Ou Testament), en ons mag nie na hom of haar luister nie.



**Jer 23:16** So sê die HERE van die leërskare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE nie.

**Isa 8:20** Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie.

**Deu 13:3** ...as iemand jou probeer weglei van die Here jou God af.....

dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel.

Deu 13:4 Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang.

Deu 13:5 Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het **afval verkondig van die HERE julle God** .... So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.

Deu 13:6 As jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of dogter of die vrou wat jy liefhet, of jou vriend wat soos jou eie siel is, jou in die geheim verlok ......

Deu 13:8 **dan moet jy nie inwillig en na hom nie luister nie;** ook mag jou oog hom nie verskoon nie, en jy mag jou nie ontferm en niks om sy ontwil wegsteek nie,

......

Deu 13:10 En jy moet hom stenig, dat hy sterwe; want hy het probeer om jou weg te drywe van die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

Deu 13:11 En die hele Israel sal dit hoor en vrees, en hulle sal nie meer so 'n verkeerde ding by jou doen nie.





**Isa 66:16** Want met vuur en met sy swaard sal die HERE strafgerig hou oor alle vlees, en hulle wat deur die HERE verslaan is, sal baie wees.

Isa 66:17 Die wat hulleself heilig en hulleself reinig vir die tuine, terwyl hulle die een nadoen wat in die middel staan; wat varkvleis eet en verfoeisels en muise—almal saam sal hulle tot niet raak, spreek die HERE.

Hier sien ons die Profeet Jesaja (YeshaYahu) profeteer TEEN diegene wat varkvleis en muise eet…diegene wat in die tuine afgodsoffers bring….diegene wat deur God vernietig gaan word! Wil ons onder hulle getel word?

Isa 65:2 Ek het my hande die hele dag uitgebrei na 'n **opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;**
Isa 65:3 'n volk wat My gedurigdeur in die aangesig terg, wat offer in tuine en rook laat opgaan op bakstene;
Isa 65:4 wat in die grafte sit en vernag in verborge plekke; wat varkvleis eet, en daar is brokke onrein vleis in hulle skottels;

Hierdie opstandige volk:

- Wandel op 'n weg wat nie goed is nie (terwyl Yashua die Ware Weg is, en in Psalms lees ons dat die Wet die Weg van geregtigheid is)
- Wandel agter hulle EIE gedagtes aan (hulle eet van die boom van kennis van goed en kwaad, waar hulle SELF besluit wat is goed en kwaad – reg en verkeerd – rein en onrein)
- 'n volk wat Abba terg in Sy aangesig (shoe!)
- Wat offer in die tuine (afgodsoffers – misterieuse plekke in tuine en valleie)
- Wat in grafte sit (en demone oproep)
- En varklvleis eet
- En brokke onrein vleis in hulle skottels het
- (onthou hierdie vers as ons kom by die heidene in die nuwe testament)



**IS ONS NIE OOK DIE TEMPEL VAN DIE HELIGE VAN ISRAEL NIE??**

**1Co 3:16** Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?
1Co 3:17 As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle.

Het Yhwh toegelaat dat enige onrein diere op Sy altaar geoffer word?
Nee!!! Natuurlik nie.
Wat laat jou dink Hy aanvaar nou onrein diere op Sy altaar?
Waar het hierdie onveranderede God Sy "mind gechange"?

**Mal 3:6** Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie.

So as Hy God is wat NIE VERANDER nie, hoekom sal Hy dit wat Hy toelaat in Sy tempel, verander vanaf die Ou na die Nuwe Testament toe?

As 'n vark onrein is (en katte en honde en aasvoëls), en as dit nie geskik is vir kos nie, en nie geskik is vir offers aan 'n Helige God nie……

….wat maak daardie selfde biologies geskape dier in die Nuwe Testament skielik rein, en geskik om ge eet te word, en geskik om nou aan die Helige God van Israel geoffer te word?

**Rom 12:1** Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.

Hoe kan jy jouself aan Hom offer as jy onrein is?

Jy vra mos vergifnis vir sonde …. Jy bely jou sonde …. En jy laat staan jou sonde. Jy kan mos nie terugkeer na dieselfde sonde wat jou onrein gemaak het in die begin nie?? Jy moet mos ophou sondig nadat Hy jou genade gegee het?

En Yashua sê vir haar:
**Joh 8:11** ….Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.



So na BELYDENIS en vergifnis, moet ons met ons lewens aangaan en nie weer die sonde herhaal waarvoor ons nou net vergifnis gekry het nie!!



## Wat is die Bybel se definisie van "SONDE"

| |
|---|
| **1Jn 3:4** Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. |

So SONDE is die OORTREDING VAN DIE WET?

En as die wet sê ons mag nie onrein vleis eet nie, ons mag nie onrein vleis offer nie, en ons mag nie onrein vleis in Sy tempel inbring nie…..en jy doen dit….dan doen jy mos sonde?

Maak nie saak wat enigeen sê nie…nie wat "jesus" sê nie, nie wat Paulus sê nie en nie wat Petrus sê nie…….GOD HET GEPRAAT!!!!

| |
|---|
| **Isa 5:20** Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter. |

As selfs "jesus" sê dit is "goed" om vark te eet, terwyl God self sê dit is "sleg" om vark te eet, dan kies ons om gehoorsaam te wees aan God… want die ware Messias sal NOOIT teen Sy Vader se wil of wet gaan nie!!!

| |
|---|
| **Mat 5:17** Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.<br>Mat 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.<br>Mat 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. |

Ons sien in Yashua se eie woorde, dat Hy nooit enige van Sy Vader se wette kom ontbind het nie. En Hy waarsku dat diegene wat Sy Vader se wette verbreek en ander so leer, die minste in die koningkryk gaan wees.

Wat dit beteken weet ek nie, wil ook nie weet nie. Al wat ek weet is dat ek begeer om Sy bruid te wees, en ewigheid saam met Hom te spandeer, en as ek die MINSTE in die koningkryk is, hoe gaan ek ooit naby aan Hom kan kom?

Dan is ek maar liewer die minste hier op aarde, en almal lag vir my omdat ek dink Sy wette moet ek ernstig opvat….want ek het Sy belofte om aan vas te hou dat as ek Sy wette onderhou en ander so leer, ek die grootste genoem sal word in Sy koningkryk, saam met die ander mense wat Sy wette onderhoue en ander so leer.

En wie behalwe die Koning is die grootste in die koningkryk????

Die bruid van die Koning!!!!!! Dit is wie die grootste genoem sal word in die Koningkryk.



So ons die Almagtige Skepper van Hemel en aarde het SELF die rein en onrein wette ingestel:

1. Vanaf die begin wat ons mense se dieet vleis ingesluit het (na die vloed van Noag)
2. Daarna BEVESTIG aan die volk Israel by die Berg Sinai, toe Abba Sy Wette en Sy Gelofte aan die volk bekend gemaak het
3. Wetenskaplike en Biologiese en Mediese navorsing en bewyse stem saam dat die onrein diere nie geskik is vir menslike gebruik nie
4. Abba wil ons Heilig hou en rein hou sodat ons in Sy teenwoordigheid kan inkom
5. Ons moet onsself rein hou om aan Hom te offer
6. Ons moet nie na vals profete luister wat ons wil weglei van Hom af nie – maak nie saak WIE dit is nie
7. Ons moet besef dat sonde die oortreding van die Wet is, en as Sy bruid kan ons nie die wet oortree en ander so leer nie.

SO, ONS HET GENOEG REDE OM DIE VRIENDELIKE EN GESONDE WETTE VAN ONS SKEPPER EN HEMELSE VADER TE ONDERHOU.
EN AANGESIEN ONS VERKLAAR DAT ONS HOM AANBID, EN HOM RESPEKTEER, EN HOM DIEN, MOET ONS OOK NA HOM LUISTER – NIE WAAR NIE?

HY IS IMMERS ONS GOD – NIE WAAR NIE??

MAAR TOG HET MENSE NOG STEEDS VERSKONING OM DIE SKEPPER EN DIE WAARAGTIGE GOD SE WOORD EN WET IN TWYFEL TE TREK OMDAT HULLE DINK DAT "JESUS" EN PAULUS EN PETRUS VIR ONS "TOESTEMMING" GEE OM MAAR DIE GOD VAN DIE HEMEL EN DIE AARDE SE WETTE TE VERBREEK.

Ons het reeds gesien, dat indien enigeen ons wil toestemming gee om God se wet te verbreek, al is dit met goeie bedoelings, of om ons "vry te maak" van die slawerny van die wet, ons nie na so 'n persoon mag luister nie want dit is 'n vals profeet is verdien o gestenig te word.



Was Yashua ‘n vals profeet?



Was Paulus ‘n vals profeet?



Was Petrus ‘n vals profeet?



Het God enigsins verander en besluit om na die dood van Sy Seun, Sy rein / onrein wette te verander?

Het God die verteringstelsel en uitskeidingsstelsel van die onrein diere verander na die dood van Sy Seun?



Kom ons begin met Yashua die Messias, die geprofeteerde Seun van Yhwh, wat die sonde (wetteloosheid) van Israel sal wegneem as hulle terugkeer (tot bekering kom)

**Mar 7:18** En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie,
Mar 7:19 omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit…

Waarvan praat Yashua?

Hy praat van dit wat by die maag ingaan…..wat is dit wat in die maag ingaan….dit is KOS nie waar nie?

Yashua was 'n Joodse Rabbi (gebore uit die stam Juda), en was 'n Leermeester van die Torah. Hy het die Torah (die wette van Sy Vader met outoriteit geleer, nie soos die Fariseers nie)

**Mar 1:22** En hulle was verslae oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het en nie soos die skrifgeleerdes nie.

Wat was geklassifiseer as KOS in die tyd van Yashua?
Sou Hy van katte / honde en varke gepraat het as iets wat by die maag ingaan as Hy en Sy dissipels die rein wette van Sy Vader gehou het?

Nee, natuurlik nie. Onrein diere was vanaf die tyd van Noag, tot en met vandag toe nog nooit in Israel geklasifiseer as KOS nie.

So wat het Yasua gesê?

**Mar 7:18** En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, (KOS – REIN DIERE) hom nie onrein kan maak nie,
Mar 7:19 omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit (TOILET)
En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein.
Mar 7:21 Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord,
Mar 7:22 diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.
Mar 7:23 Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.

So die kos (rein diere) wat jy eet maak jou nie onrein nie, maar die slegte gedagtes in jou siel en hart maak jou onrein!!

In die ASV (American Standard Version), het die arrogante vertalers sommer self besluit hulle sit hierdie woorde by:

(ASV) because it goeth not into his heart, but into his belly, and goeth out into the draught? ***This he said*, making all meats clean.**

Yashua het NOOIT alle vleis rein verklaar nie. Dit is 'n leuen. Al die vertalings het 'n verbuiging van die woorde daarin, sonder dat hulle kan verduidelik of bewys dat die in die oorspronklike tekste so staan. Alle vleis van rein diere is mos reeds "clean".

Hoekom sal Yashua enigsins alle rein vleis "clean/skoon" verklaar?

En as Hy bedoel het ALLE vleis, insluitende katte /honde / varke, sou Hy eerstens deur die Jode van Jerusalem gestenig geword het…Sy dissipels sou Hom verlaat het, en Hy sou NIE die Messias kon wees nie….***want Hy het self verklaar dat enigeen wat die wette van Sy Vader breek en ander SO leer, is die minste in die Koningkryk. Die Messias kan tog nie die minste in die Koningkryk wees nie?***

Hoe kan ek seker wees dat die vertalers die woorde ingevoeg het, en dat Yashue dit nooit gesê het nie?

Mark 7:19 was of particular interest. So I read through a couple of English Translations of the Bible, and most of the versions said that "Jesus declared all foods clean". Interestingly enough, the KJV did not contain this part, while all of the other versions had this in brackets.

**New International Version** "For it doesn't go into their heart but into their stomach, and then out of the body." (In saying this, Jesus declared all foods clean.)
**English Standard Version** "since it enters not his heart but his stomach, and is expelled?" (Thus he declared all foods clean.)
**New American Standard Bible** "because it does not go into his heart, but into his stomach, and is eliminated?" (Thus He declared all foods clean.)
**King James Version** "Because it entereth not into his heart, but into the belly, and goeth out into the draught, purging all meats?"

Why didn't the KJV, one of the earliest translations into English done in 1611, not contain this portion? And why did the rest of the versions carry it within brackets? As I dug into the issue, I found out an interesting piece of information.


The Original Greek Manuscripts do not even carry "(In saying this, Jesus declared all foods clean)" which is in Mark 7:19. You can check this for yourself here, in The Codex Sinaiticus.

https://biblethingsinbibleways.wordpress.com/2013/05/12/did-christ-declare-all-foods-clean-misunderstandings-regarding-mark-719/



Kom ons kyk na Petrus:

Ons almal ken die storie van die VISIOEN wat Petrus op die dak gesien het….




Kom ons vra vir Petrus:

- "Petrus, as Yhwh alle diere nou rein verklaar het….hoekom het jy nie afgegaan in die huis in, en dadelik ;n lekker varkchoppie gaan gaar maak nie?

- "Petrus, as Yhwh alle diere rein verklaar het… hoekom het jy nog so gestaan en WONDER WAT DIE VISIOEN BETEKEN, toe die 3 mans aan die deur klop?"

- "Petrus, as die visioen dan nie vir jou toestemming gegee het, aan jou laat ophou wonder het oor die betekenis nie, wat het die visioen dan beteken?"

**Act 10:28** en hy (Petrus) sê vir hulle: Julle weet dat dit ongeoorloof is vir 'n Joodse man om met iemand van 'n ander volk omgang te hê of hom te besoek;
**maar God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie.**

Wanneer het God aan Petrus getoon (gewys) dat hy geen MENS mag onrein noem nie?

Tydens die visioen natuurlik!

So Petrus sê God het hom getoon (tydens die visioen) dat hy geen MENS mag onrein noem nie. Want tot die heidene wat die God van Israel aanneem, word gedoop met die Ruach haKodesh.

So God het SIMBOLIES met die visioen vir Petrus getoon dat Hy (God) alle mense kan rein maak wat Hom aanneem….al was hulle eers onrein.

Die visioen het niks te doen gehad met die diere nie. 'n Onrein dier bly onrein agv biologiese / fisiologiese en anatomiese samestelling, en NIKS kan die dier rein maak nie. Diere kom nie tot bekering en ontvang die Heilige Gees en word dan rein nie.

Na al die bewyse wat ons gelewer het uit die MOND VAN GOD, die MOND VAN YASHUA, en die MOND VAN PETRUS, sal mense nog stry, want hulle het darm nog vir Paulus wat hulle kan gebruik as verskoning om daardie bacon in hulle mond te sit…hulle maag is 'n groter god as die God wat hulle geskep het.

**Php 3:19** Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik (maag)

Of die woorde van Paulus (wat in elk geval misverstaan en verdraai word) genoeg verskoning gaan wees op die Oordeelsdag voor die troon van die Almagtige regter, weet ek nie, maar nou ja, ons moet seker Paulus se woorde ook ondersoek vir die hardkoppige en hardnekkige gelowiges wat nou eenmaal verskoning soek om aan te hou om onrein kos te eet.

**Rom 14:14** Ek weet en is oortuig in Yashua dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein.
Rom 14:15 Maar as jou broeder deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie Messias gesterf het nie.

Verklaar Paulus hier God se wet tot niet… maak hy katte / honde / varke rein met hierdie woorde? Of praat hy hier van die probleem van afgodsoffers? Waar sommige gelowiges nie kan verstaan dat ander gelowiges vleis eet wat aan afgode geoffer is nie….en waar sommige gelowiges dink dit is veliger om liewer net groente te eet omdat hulle nie seker is of die vleis wat hulle koop dalk aan afgode geoffer is nie?

**Rom 14:2** Die een glo dat 'n mens alles mag eet, maar hy wat swak is, eet groente.
Rom 14:3 Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie, want God het hom aangeneem.

Maak Paulus hier katte/honde/varke rein, of praat hy van afgods offers? Die een wat swak is…dis 'n verwysing na iemand wat se geloof geaffekteer word op so 'n deurslaggewende manier deur afgodsoffers, dat dit vir hom 'n struikelblok is in sy geloofslewe. So die ou wat nie afgodsoffers eet nie, moet nie die ou wat dit wel eet veroordeel nie, en andersom.

Is ons seker Paulus sê dat afgodsoffers reg is om te eet??? En die wat daaroor twyfel….swak is in die geloof??

**1Co 8:4** Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een.

1Co 8:7 Die kennis is egter nie in almal nie; maar sommige, nog altyd bewus van die afgod, eet dit as 'n afgodsoffer, en hulle gewete, wat swak is, word besoedel.

**Sien, Paulus praat van afogdsoffers / swak in die geloof / en broederliefde. Hy het glad nie hier in Romeine katte / honde en varke rein verklaar nie. En selfs al het hy….ek aanbid God, nie Paulus nie, so ek sal Paulus nie kan glo as hy teen God praat nie.**

**Col 2:16** Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,

Praat Paulus hier van katte/honde/varke wat nou ok is, en dat niemand jou mag oordeel as jy dit eet nie?
Of praat hy van mense wat die Feeste van Yhwh hou, met die kosse wat Yhwh beveel moet ge-eet word tydens die feeste, mense wat die Nuwe Maan fees hou, mense wat die Shabbat hou?
Ooglopend praat hy hier met mense wat WEL die feeste hou (Nuwe Maan en Shabbat) en die mense wat rein eet….. in die stad Kollosse….en dat niemand hulle mag oordeel oor die feit dat hulle rein eet en feeste hou nie…..

niemand mag hulle oordeel BEHALWE die liggaam van Yashua nie…..hulle mede gelowiges wat die reels ken?

Hoe kan ek so sê?

**Col 2:17** (die feeste) wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus.

Die Feeste is 'n skaduwee van die toekomstige dinge ….

- Pesach/Ongesuurde brode en Eerstelingsfees is vir duisende jare gevier in verwagtig van die toekomstige Messias wat dit sou kom vervul
- Fees van Trompette, Versoensdag en Huttefees is Feeste wat vir duisende jare gevier is in verwagting vir die Messias se tweede koms

Die woorde…. "maar die liggaam behoort aan christus".. maak geen sin hier nie… wat beteken dit?

Moet nie laat iemand jou oordeel nie….. maar die liggaam behoort aan Christus…

Die arrogante vertalers het hier al weer hulle kwistige penne laat ongeoorloofde ink vloei:

(IGNT+) α G3739 WHICH εστιν G2076 [G5748] ARE σκια G4639 A SHADOW των G3588 OF THINGS μελλοντων G3195 [G5723] TO COME; το G3588 BUT δε G1161 THE σωμα G4983 BODY "IS" του G3588 OF THE χριστου G5547 CHRIST.

(KJV) Which are a shadow of things to come; but the body *is* of Christ.

Hoekom in die griekse bybel…. word die woordjie "is" in aanhalingstekens gesit?
Hoekom in die King James Version Bybel, word die woordjie "is" skuins gedruk?

Doen maar jou eie navorsing, moet nie my glo nie, en jy sal sien dat die King James vertalers darm eerlik genoeg was om te erken wanneer hulle woorde ingevoeg het wat nie in die oorspronklike tekste staan nie.

So kom ons haal die woordjie "is" uit….wat die KJV vertalers onwettiglik ingesit het….hoe lees Paulus se woorde NOU?

**Col 2:16** Let no man therefore judge you …… but the body of Christ.
**Col 2:16** Laat niemand julle dan oordeel nie….. maar die liggaam van Christus.

So ongelowiges….hou op om ons wat die Feeste hou en rein eet, te oordeel. Net ons mede gelowiges kan ons oordeel, die opregte mense wat deel is van die Liggaam, wat ons kan help as ons verkeerd eet of die Feeste verkeerd hou!!

Heidene wat nie die feeste van Yhwh wil hou of Sy rein wette wil volg nie…..HANDS OFF!!!!

**1Ti 4:4** Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie;
1Ti 4:5 want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.

So wat sê Paulus hier? Sê hy katte/honde/varke kan nou geheilig word deur die woord van God en deur gebed?
Kan die woord van God wat op honderde plekke reeds gesê het ons mag nie vark eet nie, kan daardie selfde woord dit nou heilig?
Kan God se eie Woord Homself weerspreek?
Miskien kan jou god dit doen, maar die God van die Bybel sal Homself nooit weerspreek nie

**Num 23:19** God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?

So Paulus kan nie hier sê dat God Homself weerspreek nie, want dan LASTER Paulus en verdien die dood!!

Gaan lees mooi die konteks………hy praat hier van mense wat 'n nuwe kultus begin (alhoewel dit 'n antieke Egiptiese en Babiloniese kultus is en glad nie so nuut is as wat mense dink nie)….en dit laat mens baie dink aan die Rooms Katolieke kultus….jy mag nie trou nie, jy mag nie sekere kosse eet nie, jy moet vas tot jy amper dood neerslaan, jy pynig jouself as deel van rituele reiniging…

**1Ti 4:3** wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.

Sien dat Paulus hier sê dat hierdie mense "voedsel wat God geskape het" verbied. Hy verklaar nie onrein kos rein nie, hy ontbloot die Rooms Katolieke (Romeins/Griekse/Egiptiese kultus) tradisies wat leuens is.

**Col 2:20** As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge
Col 2:21 soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? —
Col 2:22 almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooie en leringe van mense,

Wat bedoel Paulus hier dat mens sekere goed nie mag "raak nie / smaak nie / roer nie aan nie" … "almal dinge wat … bestem is om te vergaan".

Bedoel hy as ons sê jy mag nie vark raak / smaak / roer nie aan nie…. Dat ons iets verkondig wat bestem is om te vergaan?

Of praat hy hier met die Kolossense wat sukkel met dieselfde menslike leringe (tradisies) van die kultusse in 1 Tim 4:3??

WAT VAN JAKOBUS (JAMES)?? Die hoof van die Jerusalem Gemeente, en die broer van Yashua:

**Act 15:28** Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge:
Act 15:29 dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen.

Hier lyk dit of Jakobus met die Heilige Gees gepraat het, en nou 'n nuwe reel maak vir die heidene wat die God van Israel wil aanneem deur die genade van Yashua.

Dit lyk of die rein / onrein kos reels net vir die Jode geld, en die heidene kan maar doen wat hulle wil…behalwe afgodsoffers / bloed / iets wat verwurg is en hoerery.

Indien dit die waarheid is, praat Jakobus teen God..en Yashua….en teen Paulus.

Want Paulus sê DUIDELIK dat enige heiden wat die God van Israel wil aanneem, hom by Israel aansluit en deel word van die Olyfboom (simbool van Israel)

**Rom 11:13** Want aan julle heidene sê ek: ….. as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom,
Rom 11:18 moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou.
Rom 11:19 Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word.
Rom 11:20 Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.
Rom 11:21 Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. ….. anders sal jy ook afgekap word.
Rom 11:23 Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent.
Rom 11:24 Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word?
….
Rom 11:26 en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;

En God self gee ook die voorwaarde vir die heiden wat Sy Volk wil deel word:

**Isa 56:3** En laat die uitlander wat hom by die HERE aangesluit het, nie spreek en sê: Die HERE sal my gewis afskei van sy volk nie; en laat die ontmande nie sê: Kyk, ek is 'n droë boom nie.
Isa 56:4 Want so sê die HERE aan die ontmandes wat my sabbatte hou en verkies wat My behaag en vashou aan my verbond:
Isa 56:5 Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure 'n gedenkteken en 'n naam gee wat beter is as seuns en dogters; 'n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie.
Isa 56:6 En die uitlanders wat hulle by die HERE aangesluit het, om Hom te dien en om die Naam van die HERE lief te hê deur sy knegte te wees—elkeen wat die sabbat hou, sodat hy dit nie ontheilig nie, en hulle wat vashou aan my verbond,
Isa 56:7 hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.

Sien, beide God Homself en Paulus bevestig dat die heidene deel word van Israel. En Israel is God se uitverkore volk vir wie Hy Sy wette van rein en onrein kos gegee het. Hoekom sal Hy nou skielik vir hierdie selfde Heiden "toestemmin" gee om maar katte / honde / varke te eet?
Kom ons lees NET 'N BIETJIE VERDER e n kyk of Jakobus homself nie verduidelik nie?

**Act 15:19** Daarom oordeel ek dat ons die wat uit die heidene hulle tot God bekeer, nie moet bemoeilik nie,

Act 15:20 maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet onthou van die dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery en van wat verwurg is en van bloed.
**Act 15:21 Want van die ou tyd af het Moses in elke stad diegene wat hom verkondig, terwyl hy elke sabbat in die sinagoges gelees word.**

Wat…..sê Jakobus tog nie die heidene moet elke Sabbat sinagoge toe gaan om Moses te leer ken nie? (die boeke van Moses word elke Sabbat in die sinagoge voor gelees)

Kan nie wees nie?
Die heidene moet mos net vir liewe "jesus" sê hulle is jammer oor al hulle sonde, hulle moet elke sondag kerk toe gaan, en hulle tiende betaal (wat heel toevallig deur Moses beveel word) dan gaan hulle mos hemel toe?

Hoe kan God en Paulus en Jakobus dan n0u sê die heiden moet deel word van Israel, die wet onderhou, en as hulle die wet nie ken nie, moet hulle dit in die sinagoge op Shabbat gaan leer?

Hoekom sê Jakobus nie van die begin af vir die heidene al die gebooie nie Hoekom wil hy nie hulle lewe "bemoeilik" nie….(vers 19)

Omdat:

Die heidense tempel tradisies en kultus aanbidding en seremonies het alles te doen met
AFGODE / BLOED / MOORD / SEKS

So al wat Jakobus se plan is….is om die heiden wat hom tot God bekeer, net eers UIT sy afgodsdiens uit te kry, en uit sy verkeerde vriendekring uit te kry.

As hy nie mag hoereer nie (tempel prostitusie), hy mag nie aan goed deelneem wat deur afgode besoedel is nie (afgodsfeeste soos satan claus se verjaarsdag, of Ishtar se seksorgie fees), en hy mag nie bloed eet of drink nie (heidense sataniese tradisies), en mag nie diere eet wat nie kosher geslag is nie…..dan gaan hy nie meer welkom wees in die voormalige vriendekring nie………. (ek weet hoe dit voel!!!!!!!!!)

Ons moet maar bitter versigtig wees om in die woorde van enige van die Nuwe Testamentiese skrywers probeer verskoning of rede soek om God se wette te breek en te verontsagsaam.

En hoekom sal ons dit wil doen? Sy wette is tot ons voordeel? Dit is vir ons gesondheid en veiligeid!!

---

| **1Jn 5:3** Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie. |
|---|

---



As ons Sy volk wil wees………Sy Naam wil leer ken……….Sy stem wil hoor……….Sy verlossing wil ervaar………Sy wederkoms wil aanskou…….dan moet ons nie AANRAAK dit wat onrein is nie!

---

**Isa 52:6** Daarom sal my volk my Naam leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!
Isa 52:7 Hoe lieflik is op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor, wat goeie tyding bring, wat verlossing uitroep; wat aan Sion sê: Jou God is Koning!
Isa 52:8 Hoor! Jou wagte! Hulle verhef die stem, hulle jubel almal saam; want hulle sien vlak voor hulle oë hoe die HERE terugkeer na Sion.
Isa 52:9 Breek uit, jubel almal saam, puinhope van Jerusalem! Want die HERE het sy volk getroos, Jerusalem verlos.
Isa 52:10 Die HERE het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies, en al die eindes van die aarde sal sien die heil van onse God.
Isa 52:11 Vertrek, vertrek, gaan weg daarvandaan, raak nie aan wat onrein is nie; gaan uit hulle midde uit, reinig julle, draers van die heilige voorwerpe van die HERE!

So: ons as die uitverkorenes van God, die geroepenes, die wat uit die heidense nasies met hulle heidense tradisies uitgeroep word om die God van Israel te aanvaar en erken en te dien….

Ons moet die DRAWERS VAN DIE HEILIGE VOORWERPE van ons Meester word – soos Jesaja hier bo profeteer.

En om dit te kan doen, moet ons vertrek, weg gaan van alles wat onrein is, nie daaraan raak nie, sodat ons heilige en vlekloos kan wees in ons diens aan ons Meester.

Die reinigingswette in die Torah (wet van God) is daar om ons FISIESE LIGGAAM rein te hou….en as ons dit bestudeer leer ons soveel dieper geestelike waarhede oor hoe om ons lippe / gedagtes / hart rein en skoon te hou.

Sy wette en sy verordeninge is skoon en rein en tot ons voordeel, nooit tot ons nadeel nie. En nooit om ons te red nie, maar om ons REIN TE HOU NADAT ONS TOT REDDING GEKOM HET.

Mada van Rensburg
Mobile: 082 893 3826
Web: www.2treesinthegarden.co.za
Email: bible@2treesinthegarden.co.za
South African based.

Over 600 studies free of charge on Youtube/Facebook/Telegram/Watsapp